


# Valiant nou ingesluit in uitgelese groep



## Populêre ritmes verskuil soms diep vakmanskap

Andries Bezuidenhout

**Toorwoorde roep my deur Valiant Swart. Lapa. R150**

Daar is 'n paar uitgelese lirieskrywers wie se lirieke ook as gedigte gelees word. Dink maar aan Laurie Anderson, Bob Dylan of Leonard Cohen (wie se treffer uit die laat-60's *Suzanne* op die bladsy van die *Norton Anthology of Poetry* pryk).

"As Leonard Cohen in die *Norton Anthology of Poetry* opgeneem is, hoort Valiant lankal in die *Groot Verseboek*," het die bekroonde digter Dannie Marais al geskryf.

Dis natuurlik Valiant Swart waarna hy verwys. Veteraan van die Opikoppi-rockfees, akteur in die TV-reeks *Song vir Katryn*, rubrieksrywer vir *Rapport*, asook die rocker wat na sy Boeremusiek-roots toe terugkeer deur musiek saam met die trekklaaviervirtuos Ollie Viljoen te maak.

Koos du Plessis is reeds in die *Groot Verseboek*. Ander groot geeste van die Afrikaanse liriek – mense soos Anton Goosen, Amanda Strydom en die manne van Fokofpolisiekar – is al in bundelvorm uitgegee.

Nou het Lapa-uitgewers Valiant Swart met sy bundel *Toorwoorde roep my* by dié lys van uitgelese musikante gevoeg.

*Toorwoorde roep my* bevat lirieke van die 15 CD's wat Swart tot dusver opgeneem het, van die nou al klassieke *Die Mystic Boer* uit 1996 tot *Wild en wakker*, wat verlede jaar vrygestel is.

Dis 'n stewige bundel van net so onder die 200 bladsye. Die lirieke is chronologies geplaas, met elke CD in 'n afsonderlike afdeling.

Liriekbundels is anders as *song books* (soos hulle in Engels sê), waarin lirieke saam met meegaande akkoorde en/of bladmusiek gepubliseer word. Anders as hierdie *song books* neem liriekbundels die vorm van 'n digbundel aan en vestig die aandag op die woorde, nie die melodie nie. 'n Mens lees dit dus anders as wat jy daarna sou luister op 'n CD. Die liriek staan in versvorm op 'n bladsy, soos 'n gedig.

*Toorwoorde roep my* begin met 'n gedig waarin Swart skryf oor lirieskryf. Hy noem dit sy "gebied", sy "vak". Die gedig sê iets van hoe hy sy rol as vakman sien. Hy skryf daar in oor hoe hy die "binnerym ... sluisverskans" en hoe wat hy wil sê "ewig duister" bly "vir wie ook al gaan dans/ en op die ou end luister". Hy skryf ook oor die "wisselpas om stroop en kras/ en stuitig en strak".

Wat onderwerpe betref, skryf Swart oor die dinge waarvoor soveel populêre musikante oor die wêreld heen skryf: die liefde, intoksikasie, mense en plekke wat hy teëkom op die lang pad van rock 'n' roll-toere.

Hy skryf egter hieroor op 'n besonderse vaardige manier, sonder pynlike rymelary of geykte beelde, ook as hy in Engels skryf.

Met die lees van die bundel het ek besef hoe ek soms bo-oor die woorde luister, veral as 'n lied 'n treffende melodie het. Dit wys dat populêre musiek ook goeie lirieke kan hê, dat 'n mens daarop kan dans, maar hope-lik ook sal luister. Dink maar aan "Roekeloos", waarin 'n karakter beskryf word as "'n bad stukkie Hollywood/ met mags op haar bakkie/ en 'n cute klein sakkie/ om haar secrets in te hou". Ek skat dis die "stuitig" waarna verwys word.

Met die lees van meer ernstige lirieke, soos byvoorbeeld "Waar die dromers dwaal" (die "strak" waarna Swart verwys), kom 'n mens onder die indruk van hierdie lirieskrywer se bedrewenheid met beelde: "net links van die ewewig/ en regs van die balans/ tussen die vorige geleentheid/ en die laaste kans/ daar waar die eggo teen die weerklank slaan/ daar kom jou drome vandaan." Soos met baie van Koos du Plessis se goeie lirieke verdwyn die vernuftige beelde amper agter hoe ritmies die rym oor die tong rol. Dit klink net so maklik. As jy dit egter weer lees, kom jy onder die indruk van diep vakmanskap.

Ná die publikasie van *Toorwoorde roep my* is ek nuuskierig om te sien of (en watter) van die lirieke in die volgende uitgawe van die *Groot Verseboek* beland.

■ Bezuidenhout is 'n skrywer en musikant van Pretoria.